Geslagsgebaseerde geweld & Vroue-menseregteverdedigers

Wat is Geslagsgebaseerde Geweld?

Geweld teen vroue is 'n diepgaande menseregteskending, 'n publieke gesondheidkrisis en 'n hindernis vir gelykheid, ontwikkeling, veiligheid en vrede. Die uitdrukkings "geweld teen vroue" en "geslagsgebaseerde geweld" verwys na die reeks mishandelinge wat teen vroue gepleeg word, en wat voortspruit uit geslagsongelykheid en vroue se onderdanige status in die gemeenskap teenoor mans.

Geweld teen vroue, insluitend tydens oorlog, word gebruik om vroue en hulle gemeenskappe te verneder en terroriseer.

In 1993 het die *Verenigde Nasies Deklarasie op die Eliminering van Geweld teen Vroue* geweld teen vroue beskryf as "enige daad van geslagsgebaseerde geweld wat lei tot of moontlik kan lei tot fisiese, seksuele, of psigologiese skade of lyding vir vroue, insluitend dreigemente van sulke dade, dwang of willekeurige ontneming van vryheid, in publieke of privaat lewe." Dit sluit in geweld wat plaasvind binne die familie, binne die gemeenskap en geweld gepleeg of goedgekeur deur die Staat.

Vorme van geslagsgebaseerde geweld sluit in, maar is nie beperk tot: gesinsgeweld, seksuele mishandeling, verkragting, seksuele teistering, handeldryf in vroue, geforseerde prostitusie en skadelike praktyke. Hierdie vorme van geweld kan lei tot fisiese, sielkundige, seksuele, reproduktiewe en ander gesondheidsprobleme. Vroue se veelvuldige en oorvleuelende identiteite – gebaseer op faktore soos klas, ras, etnisiteit, geloof, ouderdom, seksualiteit en burgerlike status – kan ook bydra tot hulle kwesbaarheid vir geweld.

Wie is Vroue-menseregteverdedigers?

Die stryd vir erkenning van menseregte en 'n einde aan skendings word wêreldwyd gevoer deur dapper vroue en mans. Menseregteverdedigers veg vir hulle eie en ander se regte, met groot risiko tot hulle persoonlike veiligheid. Terwyl vroue-menseregteverdedigers dieselfde kwesbaarhede het as hulle manlike kollegas, word hulle gekonfronteer met meer vyandigheid en geweld weens hulle geslag en die feit dat hulle patriargale dominering nie passief aanvaar nie.

Om 'n menseregteverdediger te wees, is om die oorspronge van menseregteskendings te bedreig.

Deur 'n vroue-menseregteverdediger te wees, word die hele patriargale stelsel wat afhanklik is van tradisionele geslagrolle en manlike geweld, bedreig. In elke deel van die wêreld daag vroue aanvaarde tradisies, stereotipes en sosio-kulturele normes uit wat vroue hulle menseregte ontneem en 'n sistematiese en sikliese agterstand afdwing. Dus, wanneer vroue aktief is oor kwessies spesifiek tot vroue se menseregte (insluitend vroue se ekonomiese, sosiale, politiese, seksuele en reproduktiewe regte; mishandeling, geweld, teistering, marginalisering en diskriminasie; en die regte van ander gemarginaliseerde of gediskrimineerde groepe), verhoog hulle kwesbaarheid.

Vroue-menseregteverdedigers word aangevat deur familielede wat nie saamstem met hulle aktivisme in die publieke arena nie, en vrees oneer of devaluasie van die vrou of haar familie deur die Staat, sekuriteitsmagte, regstelsel of selfs manlike kollegas.

Vroue-menseregteverdedigers word gesien as ondermynende agente of 'slegte' vroue deur State en hulle sekuriteitsmagte, geloofs- en kulturele figure, en die kwessies waarvoor hulle veg as skadelik vir kultuur, geloof en die patriargale heteronormatiewe samelewing. As gevolg hiervan sal hulle heel moontlik met geweld en dood gekonfronteer word, weens die sogenaamde bedreiging wat hulle aktivisme inhou vir kultuur en geloof. Bo en behalwe geweldadige aanvalle en dood, wat dikwels goedgekeur word deur die Staat en soms hulle gemeenskappe, staar vroue-menseregteverdedigers uitsluiting, onderdrukking en swartsmeerdery in verskeie vorme in die gesig; hulle word 'anti-God', 'uitheems', 'vreemd', immoreel en seksueel losbandig genoem. Die terme word gebruik om vroue-menseregteverdedigers te diskrediteer, afstootlik te maak vir die samelewing, hulle stryd ongeldig te maak en om geweld teen hulle te fasiliteer en regverdig. Geweld deur die Staat, gemeenskap of familie skep vrees en stop vroue om deel te neem aan menseregte-aktivisme en bewegings vir politieke, ekonomiese en sosiale verandering.

Die *Deklarasie op Menseregteverdedigers* (1998) erken menseregteverdedigers se belangrike en noodsaaklike werk; hul beskerming word erken as 'n verantwoordelikheid van die Staat. Ten spyte hiervan bly menseregteverdedigers van die kwesbaarste aktiviste in die wêreld.

RUTGERS
School of Arts and Sciences

16 DAYS

Center for Women's Global Leadership
Rutgers, The State University of New Jersey
http://cwgl.rutgers.edu

Spesifieke nasionale en internasionale meganismes gemik op die beskerming van vroue-menseregteverdedigers en voorkoming van geweld en teistering met duidelike kanale van staataanspreeklikheid, bly van die grootste belang in erkenning van die gevaar vir vroue-menseregteverdedigers.

Wat is State se verantwoordelikheid teenoor Vroue se Menseregte?

State is verantwoordelik vir die veiligheid en sekuriteit van alle vroue en mans onder hulle jurisdiksie. Die verantwoordelikheid moet ontmoet word met standaarde van nie-diskriminasie: State moet optree om geslagsgebaseerde geweld te voorkom, vervolg, straf en reparasies te maak, soos wat vir ander vorme van geweld gedoen word. Verplig deur die prinsiep van noulettendheid, is State die hoof pligdraers om geweld in alle vorme aan te spreek, geslagsgebaseerde geweld ingesluit.

Die *Deklarasie op die Eliminering van Geweld teen Vroue* (1993) moedig state aan om "dade van geweld teen vroue te voorkom, ondersoek en, in ooreenstemming met nasionale wetgewing, te straf, nieteenstaande of die dade gepleeg is deur die Staat of privaat persone." Die *'Convention on the Elimination of Discrimination against Women (CEDAW)'* het die wêreld herinner in Algemene Aanmerking No. 19 dat "State mag ook verantwoordelik wees vir private dade indien hulle nalaat om met noulettendheid op te tree om skendings van regte te voorkom of om dade van geweld te ondersoek en straf."

Die 16 Dae veldtog is 'n geleentheid om te reflekteer op wat vroueregte-aktiviste en hulle bondgenote kan doen om regerings aanspreeklik te hou vir beskerming en bevordering van vroue se menseregte, en watter ernstige stappe geneem kan word om dade van geslags-gebaseerde geweld te voorkom, vervolg en straf.

Die Veldtog is ook 'n geleentheid om op te staan teen die sosiale en politiese strukture wat toelaat dat geslagsgebaseerde geweld ongestraf voortgaan; om nuwe of verbeterde wetgewing en beleide te bepleit; en om bestaande strukture te versterk wat gemik is op beëindiging of voorkoming van geslagsgebaseerde geweld.

Aktiviste kan die *'Convention on the Elimination of Discrimination against Women (CEDAW)'* gebruik om regerings tot verantwoording te roep. CEDAW is in 1979 aangeneem deur die Verenigde Nasies Algemene Vergadering; dis 'n internasionale, bindende verdrag wat 'n agenda uiteensit vir die eindiging van geslagdiskriminasie, insluitend geslagsgebaseerde geweld.

Hulpbronne

- Committee on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women (CEDAW). United Nations Office of the High Commissioner on Human Rights. http://www.ohchr.org/EN/HRBodies/CEDAW/Pages/CEDAWIndex.aspx
- Committee on the Elimination of All Forms of Discrimination against Women (CEDAW). Violence against women: 01/29/1992. CEDAW General Recommendation 19, A/47/38. (General Comments). http://www.unhchr.ch/tbs/doc.nsf/0/300395546e0dec52c12563ee0063dc9d
- Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination against Women (CEDAW). 1979. http://www.ohchr.org/Documents/ProfessionalInterest/cedaw.pdf
- Declaration on the Elimination of Violence against Women. 1993. A/RES/48/104 http://www.un.org/documents/ga/res/48/a48r104.htm
- Declaration on Human Rights Defenders. 1998. A/RES/53/144 http://www.ohchr.org/EN/Issues/SRHRDefenders/Pages/Declaration.aspx
- Special Rapporteur on the situation of human rights defenders: http://www.ohchr.org/EN/issues/SRHRDefenders/Pages/SRHRDefendersindex.aspx
- Special Rapporteur on violence against women, its causes and consequences: http://www.ohchr.org/EN/Issues/Women/SRWomen/Pages/SRWomenIndex.aspx
- Women Human Rights Defenders International Coalition: http://www.defendingwomen-defendingrights.org